

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

### Besprekingsartikel/Review article

HERMAN VAN DER WEE & MONIQUE VERBREYT, *Mensen maken geschiedenis, De Kredietbank en de economische opgang van Vlaanderen 1935—1985*: uitgegeven door de Kredietbank, Brussel, 1985.

In 1985 bestond de Kredietbank te Brussel 50 jaar en heeft ze het fraaie gedenkboek *Mensen maken geschiedenis* over haar loopbaan uitgegeven. De onderhavige bespreking zal het langste bij haar oprichting stilstaan, omdat deze overeenkomst met de stichting van de Volkskas in Zuid-Afrika vertoont.

In die 19de eeuw is het Nederlandstalige deel van België — meestal kortweg Vlaanderen genoemd — economisch, sociaal en cultureel achtergebleven bij het Franstalige deel, Wallonië, onder meer omdat de industrie-ontwikkeling en kapitaalvorming in Wallonië sneller dan in Vlaandere vorderden. Tegen het jaar 1900 echter werd de economische ontwikkeling van Vlaanderen versneld, onder meer door de opgang van de textielnijverheid en van de wereldhaven Antwerpen. De Vlamingen versterkten zich toen door economische organisatie, onder meer van spaarbanken, coöperatieve boerenleenbanken en de Boerenbond. Deze kreeg als financiële arm de Middenkredietkas te Leuven als centrale der spaar- en boerenleenbanken. Leuven werd in 1889 ook de zetel van de Volksbank, gelieerd met de Middenkredietkas. Ook andere Vlaamse steden, zoals Antwerpen, Gent en Kortrijk, kregen hun lokale spaar- en handelsbank. Dit soort instellingen richtte zich met bijzondere aandacht tot de kleine Vlaamse burgers en de boeren.

Tijdens de hoogconjunctuur van de jaren 20 volgden de Vlaamse banken het voorbeeld van de oudere Franstalige banken, met name de twee grootste, de Société Générale (opgericht in 1822 door koning Willem I) en de Banque de Bruxelles. Ze gaven lange kredieten aan de plaatselijke industrie en werden aldus gemengde banken, evenals grote Waalse, Franse en Duitse banken. Spoedig traden moeilijkheden in en Vlaamse kringen zochten oplossing hiervan door fusie van banken in moeilijkheden, gepaard met kapitaalversterking. De Middenkredietkas bracht de eerste twee fusies in 1928 tot stand. De Grote Depressie 1929—36 maakte meer vorderingen op bedrijven oninbaar en verergerde de toestand. In 1931 vond daarom een derde fusie plaats. Daarbij werd de Algemeene Bankvereniging te Antwerpen en Brussel gesticht en werden de langlopende kredieten en aandelen ondergebracht in de Algemeene Maatschappij voor Nijverheidskrediet (Almanij).

De Depressie hield aan, de toestand van het bankwezen — vooral het Vlaamse — verslechterde. Het gevolg was, dat de regering in 1935 een wet uitvaardigde welke de banken verplichtte om hun langtermijn-financiering van hun kortkredietbedrijf af te splitsen en in een afzonderlijke financieringsmaatschappij onder te brengen. Inmiddels kreeg de Middenkredietkas een moratorium en werd het spaarwezen aan hem onttrokken. Verdere sanering van het Vlaamse bankwezen was noodzakelijk. Een nieuw ministerie, dat van de bankiers, greep in om de krachtige Vlaamse beweging tegemoet te komen en verzocht oudminister A.E. Janssen en de centrale bank om de Middenkredietkas en de daarmee gelieerde Vlaamse banken te saneren. Dankzij Janssens enorme geduld en tact en ondanks tegenstribbelen van de centrale bank werden in 1935 de Algemeene Bankvereniging en de Kortrijkse Bank voor Handel en Nijverheid saamgevoegd tot een nieuwe instelling, de Kredietbank met Brussel als hoofdzetel.

De Kredietbank kreeg weer een uitgesproken Vlaams karakter en is na moeilijke jaren voor en tijdens Wereldoorlog II gegroeid tot de derde in grootte van de drie grootste handelsbanken in België. De andere zijn de Société Générale en de Banque de Bruxelles.

### De Kredietbank en de Volkskas, een vergelijking

Ik heb uitgeweid over de oprichting van de Kredietbank, omdat de Volkskas in Zuid-Afrika ongeveer gelijktijdig (in 1934) op soortgelijke gronden in de hoofdstad gesticht is. Er zijn interessante overeenkomsten aan te wijzen. Ook de Afrikaners waren als Dietse taal- en cultuurgroep bij de anderhalve blanke nevingroep — in casu de Engelse — achtergeraakt. Ook zij wilden hun economische achterstand door georganiseerd optrede inhalen, onder meer door het stichten van financiële instellingen, en noemden deze graag Volksbank, Volkskas en Saambou, omdat ze een zaak van het Volk zouden zijn. De stichter en grote man van de Volkskas was J.J. Bosman van Pretoria. Ook de Volkskas had een weinig succesvolle voorloper, Ons Eerste Volksbank, die door hem is overgenomen. Ook de Volkskas ondervond aanvankelijk geringe sympathie bij de centrale bank, die weinig vertrouwen in

de nieuwe bank met onervaren bestuurders had, en verdachtmaking omdat hij een Dietse instelling was. Ook de Volkskas maakte moeilijke beginjaren door, maar hield taai vol en beleefde een doorbraak in Wereldoorlog II: in 1942 werd zij erkend als volwaardige handelsbank met chequegerieven. Ook de Volkskas heeft zich tot de kleine burger gericht en als nieuwkomer nieuwe initiatieven op bankgebied ontplooid. Ook zij is na Wereldoorlog II gegroeid tot de derde grootste handelsbank na de twee vanuit Brittannië gestichte Imperiale banken en tot de grootste Dietse bankinstelling.

In een belangrijk opzicht verschillen de Belgische Kredietbank en de Volkskas. De Kredietbank heeft steeds vervlechting van financiële belangen met industriebedrijven vermeden, de Volkskas is nauw met grote industriebedrijven in zijn land verweven, omdat Zuid-Afrika een heel jong nijverheidsland is en de nijverheden veel geldelijke hulp van de banken nodig hebben.

### **Beleid en ontwikkeling van de Kredietbank (KB)**

De KB vertoont sinds haar oprichting steeds drie wezenstrekken, welke voortvloeien uit haar ontstaansgeschiedenis.<sup>1</sup> Ze heeft steeds intense vervlechting met bepaalde bedrijven vermeden, staat onafhankelijk van het bedrijfsleven en is een handelsbank voor kort krediet gebleven.<sup>2</sup> Ze heeft een sterk gecentraliseerde leiding behouden ondanks delegatie van bevoegdheden door de centrale directie, en deze heeft steeds haar volle greep op de zaken der bank behouden, zulks in tegenstelling tot de losse, gedecentraliseerde structuur van het Vlaamse bankwezen, dat in de Grote Depressie heeft gefaald.<sup>3</sup> Ze heeft bij al haar uitbreidingen en diversificaties steeds haar aandacht gericht op de Vlaamse cliënten en hun bijzondere behoeften als loon- en salaristrekker, spaarder, belegger en zakenman.

Enige van de krachtigste uitdagingen, waarvoor de KB gesteld is, zijn de volgende:

(1) Dienstverlening — De KB moest zich handhaven en uitbreiden in weerwil van de intense mededinging van tenminste twee grote Waalse banken. Haar antwoord was bijzondere dienstverlening aan de grote en kleine Vlaamse spaarders, beleggers en bedrijven door nieuwe spaardepositovormen (bijv. de kasbons tot 5 jaar, 1949), inrichting van effectendepôts voor beleggers en voorlichting aan bedrijven, onder meer voor handel met het buitenland.

(2) Penetratie in Wallonië, zodat de KB niet meer als uitsluitend Vlaamse instelling zou gelden, door contacten met kleinere Waalse banken en fusie van twee daarvan, en door stichting van de Kredietbank S.A. Luxembourggeoise in 1949.

(3) Branchevervaging en despecialisatie in het financieewezen, vooral door het betreden door particuliere en overheidsspaarinstellingen van het gebied der zichtrekeningen — voorheen domein der handelsbanken — en door het betreden door de handelsbanken — de KB voorop — van het gebied der spaarrekeningen. De Mammoetwet van 1975 werkte de branchevervaging niet tegen, maar trachtte ze in gewenste banen te leiden.

(4) Internationalisering van het Belgische bankwezen onder impuls van de Europese Economische Gemeenschap, in 1958 gesticht, en de vestiging van het centrum daarvan in Brussel ('Brussel de hoofdstad van Europa'). Vele buitenlandse banken hebben zich daarom in Brussel gevestigd en de KB en andere Belgische banken hebben kantoren in buitenlandse financiële centra geopend. Het aandeel der buitenlandse valuta in de debet- en creditgelden van de KB en andere banken is dan ook drastisch toegenomen in de jaren 60 en 70.

(5) De werelddepressie der jaren 70 en vooral 80 — De KB heeft hierdoor verliezen geleden, onder meer in Saoedi-Arabië, maar zonder ernstige gevolgen verwerkt.

(6) De technologische omwenteling in het bankwezen in de jaren 60 en volgende — Ook bij deze mechanisatie en automatisatie heeft de KB vooraan gestaan, bijvoorbeeld bij de stichting van Bancontact in 1978, waarbij de KB en enige andere instellingen samen bankdiensten aan het publiek hebben ondernomen, onder meer bij het opnemen van contant geld.

De KB heeft al deze en andere uitdagingen succesvol beantwoord en is daarbij groot geworden.

### **De schrijvers van het gedenkboek**

De geschiedenis van de KB 1935—85 en de voorgeschiedenis daarvan zijn voortreffelijk beschreven

door Herman van der Wee en zijn echtgenote Monique Verbreyt. Die eerstgenoemde is hoogleraar in economische geschiedenis te Leuven en exponent van de groep uitnemende Belgische economische historici, van wie Henri Pirenne de eerste was. De twee auteurs hebben een degelijk, evenwichtig en bondig boek geschreven, de ingewikkelde vervlechtingen in het Vlaamse bankwezen in detail uiteengezet en toch steeds de grote lijnen in het oog gehouden. Daardoor is de bovenstaande opsomming mij vergemakkelijkt. Zij hebben de geschiedenis der KB telkens geprojecteerd op de bondig geschetste economische en politieke achtergrond van België en de wereld. Zij hebben geen onpersoonlijke historie geschreven, maar de aandacht gevestigd op de groter betekenis van individuele personen, zoals Sap, A.E. Janssen, Fernand Collin, de grote bouwer van de KB, 1938–63, L. Wauters van Celestin van Soye, getrouw aan de titel van het gedenkboek *MENSEN maken geschiedenis*.

Ik gewaar slechts één leemte in het werk. De ondertitel luidt *De Kredietbank en de economische opgang van Vlaanderen*. Ik zou graag een hoofdstuk of alinea hebben gezien, waarin de specifieke bijdrage van de KB aan de economische vooruitgang van Nederlandstalig België in details uiteengezet is.

De Directie van de KB heeft de goede gedachte gehad om naast het gedenkboek van 350 bladzijden een brochure van 58 pp. in het Nederlands en een in het Engels met een samenvatting van het gedenkboek en onder dezelfde titel uit te geven. Haar jubileumboek en de samenvattingen daarvan zijn voorbeelden voor andere jubilerende banken.

C DE JONG

## Suid-Afrika/South Africa

ROY MACNAB, *Gold Their Touchstone*, Johannesburg, Jonathan Ball, 1987.

This most impressive book is intended to celebrate the centenary of one of South Africa's great mining houses, Gold Fields of South Africa (hereafter GFSA). It traces the company's fortunes from its foundation by Cecil Rhodes, with an initial capital of £250 000, to its present enormous scope with a value in 1985 of some R15 billion. In so doing, Macnab draws a parallel between the company's growth and eventual independence from London in 1971, the "annus mirabilis", and the development and fortunes of South Africa as this country grew rich and severed its links with Britain.

Roy Macnab brings to this work not only his fine and poetic command of English and his historical training, but also the more detached view of one who is removed from South Africa's day-to-day stresses. After many years in the South African Foreign Service, he was London Director of the South Africa Foundation from 1968 to 1983 and now lives in the South of France. In fact he quite often illustrates his argument by referring to things French.

His intention was to write a "human book" about a company (*Star*, 7 February 1987) and in many senses he has succeeded. There is rich human interest in the book and he captures his characters deftly and accurately, both pleasant and unpleasant. There are many illustrations and the book's appearance is very attractive. However — and it is a big "however" — this reviewer's task is to consider the book from a historian's viewpoint and for an historical journal. Here it must be admitted that the book does pose some problems and generate some disappointments, although Macnab's intention was surely to write for the general reader and not for the specialist. In that connection, though, it can be asked whether many people who are not personally connected in some way with GFSA will be inspired to read this book, even if it is beautiful to look at and as beautifully written.

To dispose of my criticisms first, the following seem to be the most important. The archives to which Macnab had access and which he frequently quotes are not specifically identified and in fact there are only a very few footnotes, awkwardly placed at the end of each chapter. There is no bibliography either, which seems a pity, although the indexing is thorough and accurate. More serious than all this is the fact that although Macnab tries to link GFSA's history to developments in this country and abroad, this is done haphazardly and, one feels, only when he knows he cannot get away with ignoring events beyond the parochial confines of the company. He does not for instance enter the debate about the relative importance of government and capital in the question of black-white labour relations. Nor does he attempt to describe the effect of the growth of Johannesburg's cosmopolitan population on social and economic conditions on the Witwatersrand before 1900, though he describes some of the more picturesque aspects of it at some length. In other words, Macnab's is at once a history "from above" where it deals with politics and a somewhat narrowly-focused history of a company where it deals with GFSA. It is factual and uncritical, leaving readers to draw their own conclusions and make their own connections.

There are many causes, fortunately, to praise the contents as well as the appearance of Mr Macnab's book. GFSA's links with the Reform Committee and the Jameson Raid are well described and based on primary sources. He also notes GFSA's connections with early labour unrest, the 1907 and 1913/14 strikes, for instance, and is particularly good on the 1922 Rand Revolt. His attention to the minutiae of financial and technical detail is noteworthy and he very often (though not always) succeeds in being interesting at the same time. A good example of this is the story of Mr Harry Oppenheimer's "dawn raid" on Consolidated Gold Fields (the British company) in 1980.

In his concluding chapter, Mr Macnab makes much of GFSA's considerable contribution in the field of social responsibility programmes, though he skirts, perhaps wisely, the central question of business' involvement in current political developments.

Having to some extent criticised Macnab for his neglect of the link between GFSA and the wider context — a neglect that was probably inevitable in view of his terms of reference, I would not like readers to gain the impression that he ignores the complexities altogether. Of particular interest in this respect is correspondence quoted between Drummond Chaplin and John X Merriman in 1913 in which the latter castigated the white workers as "the supervisors and aristocrats of labour" as distinct from "the true manual workers of this country (who) are the native and Coloured people ... Small care or regard have they (the whites) for the true and ill-considered worker." (p. 102) As the author remarks, these words only go to prove that "the country is not one stage on which one national drama is enacted, but a collection of stages on which several dramas, sometimes unrelated, go on at the same time." (pp. 102–3)

SARAH PIENAAR  
University of South Africa

T R H DAVENPORT, *South Africa. A modern history*, Third edition, Johannesburg, 1987, xxii & 692 pp., illus., index, R39,95 + GST.

Waar die eerste uitgawe van Davenport se algemene geskiedenis 432 bladsye beslaan het, is hierdie derde uitgawe nou uitgebrei tot 692 bladsye. Die groter lengte is veral toe te skryf aan die uitbouing van Deel III van die teks. In die vorige uitgawe het dit geheet *The problem of perspective* en dit het ingesluit hoofstukke oor *Segregation and Apartheid*, *The Colour Bar in the Economy* en, laastens, *The Current Debate*, waar "Current" slaan op die stand van sake net na die middel van die sewentigerjare. Tans heet hierdie derde deel *The political economy of South Africa*. Later word meer oor hierdie eksten-sief bygewerkte gedeelte gesê.

Deel I: *Prelude to White Domination* het grootliks dieselfde gebly, en so ook Deel II: *The consolidation of a White State*. Onder die laasgenoemde gedeelte het Afdeling I: *The road to Afrikaner dominance*, wat die belangrikste politieke gebeure van 1910 tot 1948 gedek het, onveranderd gebly. Die tweede afdeling hieronder, egter, *The designing of a 'New Model State'*, is heelwat bygewerk. Waar dit in die vorige uitgawe die belangrikste verwickelinge binnelands en op die internasionale terrein tot die middel van die sewentigerjare gedek het, is daar nou 'n hoofstuk getitel *Modification and Backfire* wat binnelandse gebeure tot verby die Soweto-opstande van 1976 trek tot by die inligtingskandaal en Vorster se val, asook 'n verdere hoofstuk, *At the Crossroads, 1978–1985*, wat die bewindstyd van P W Botha tot 1985 behandel en 'n hoofstuk wat buitelandse betrekkings tot 1985 ontleed. Afdeling III onder die titel *The Political Economy of South Africa* bestaan uit twee laaste hoofstukke wat saam sowat 170 bladsye beslaan. Voorheen het dit geheet *The Colour Bar in the Economy*. Die eerste hoofstuk hieronder is getitel *The Economy and the people of South Africa*. Daarin word die ekonomiese ontwikkeling in die breë behandel asook brandende kwessies wat met politieke belied saamhang, soos die ontwikkeling van trekarbeid, die kleurslagboom in die ekonomiese stelsel, die verval daarvan in die nywerheid en die erkenning van gesamentlike bedinging deur Swartmense.

In hierdie hoofstuk word, in ooreenstemming met die liberale siening wat die skrywer, die belangrikheid, maar terselfdertyd die ingeperktheid, van die Swartman in die ekonomiese lewe gekets: opeenvolgend is hy gesien as woonarbeider deur die boere, as loonarbeider deur die mynbesitters, eerder as 'n selfonderhoudende boer, as 'n kontrak-trekarbeider in 'n kampong by die myne en in die nywerheidswêreld, waar die kwessie van eienaarskap nie ter sprake gekom het nie. Eers baie onlangs is begin om hom raak te sien as 'n gevestigde dorpsbewoner wat saam met sy gesin woon. In die handelswêreld is hy gesien as 'n werknemer ingehok deur beperkings op eiendomsbesit en beleggingsmoontlikhede, terwyl slegs in die jongste tyd geleenthede vir onafhanklike ekonomiese inisiatief deur swartmense geskep is — iets wat op ander terreine ontbreek het. (Vgl. p. 526). Hierdie soort

perspektief, waarsonder die huidige samelewingsprobleme en Swart frustrasies nie begryp kan word nie, ontbreek nog feitlik totaal in die Afrikaanse geskiedskrywing waar die Swartman bloot as "probleem" in die blanke politiek behandel word.

Hierdie bogenoemde hoofstuk is beslis baanbrekerswerk in 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika. Omdat dit die belangrikste bydrae van die boek is, word die resensie voorts hieraan gewy. Na my wete bestaan daar geen ander algemene geskiedenis wat hierdie ekonomies-verwante kwessies uitlig en behandel nie. Dit gee onder meer die verhaal weer van ekonomiese werklikhede wat in die jongste paar dekades die politieke ideologie van apartheid onder toenemende druk geplaas het en die onuitvoerbaarheid van gevestigde ideologie aan die kaak gestel het deur dit in ekonomiese (en morele) doodloopstrate te laat beland. Al die politiek-ekonomiese interpretasies wat in die afgelope dekade en 'n half verskyn het oor die apartheidseconomie, soos dié van Lacey, Johnstone, Yudelman, Greenberg, O'Meara and Lipton vind hier neerslag. Hier is die kernargumente in verteerde vorm opgeneem en aangewend — 'n nuttige samevatting.

Die tweede hoofstuk in die derde afdeling en die laaste een in die boek, *The cancer of apartheid*, is, soos die titel aandui, 'n uiters kritiese ontleding van die apartheidsamelewing. Daarin word die wese van die stelsel ontleed, eerstens wat betref die ideologie daaragter, beginnende by absolute territoriale skeiding soos tans nog deur die Konserwatiewe Party voorgestaan word en soos deur vroeë liberale denkers soos R F A Hoernlé in die jare dertig en veertig geartikuleer — en verwerp — tot die Nasionale Party se verabsolutering van die idee ná 1948 en die ontnugtering daarmee teen die einde van Verwoerd se bewind. Daarna word die territoriale dimensie van apartheid behandel waaronder die hervestigingsbeleid ingevolge die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery van 1951 tot in die 1970's deurgegrek word. Dan kom rasseskeiding in dorpe (en stede) aan die beurt waar die toepassing van afsonderlike woongebiede, die behuisingsbeleid, die uitwerking daarvan op die Swartmense en die gevolglike behuisingsagterstand rondom die groot stede geskets word, terwyl die lyn ook tot by die toekenning van plaaslike outonomie aan Swart stadsrade in 1982 deurgegrek word. Daarna volg 'n gedeelte oor paswette en die beheer oor die bewegings van Swartmense, oor segregasie in skole en universiteite, oor die kerke en apartheid, die Groepsgebiede, apartheid in die vermaaklikheidswêreld en sport, apartheid en burgerlike vryheid (waarin die pers, die geregshoue en die toepassing van die wet aan die beurt kom), apartheid in die politiek (d.w.s. die uitsluiting van "Gekleurdes" uit die politieke besluitnemingproses), en 'n laaste gedeelte getitel *The force and the mass, the ostrich and the crab* (in die vorige uitgawes was dit die finale hoofstuk getitel *The current debate*) waarvan die laaste drie bladsye bygewerk is.

Waar die eerste uitgawe van die boek afgesluit het met die opmerking dat "courage and a sense of history" nodiger as ooit in Suid-Afrika was, daar omskryf die skrywer dié twee begrippe nou soos volg: "... courage in the sense of a willingness to take risks, even political ones, to repair the enormous damage done to human — and more particularly — group relations by a long entrenchment of white supremacy; and an awareness before it is too late that the study of the past is not merely a device to help to perpetuate a world of make-believe, but a cumulative experience to be drawn upon honestly, and put to proper use."

As daar 'n soort van pragmatisme omtrent die laaste sin is, moet dit verstaan word in terme van die skrywer se liberale paradigma: die liberale denker kan hom nie losmaak van die ongeregtigheid en aantasting van die regte van die individu in die samelewing waarin hy hom bevind nie. Daarom moet hy die wortels van die ongeregtigheid en verkragting van individuele regte in die geskiedenis gaan soek en aan die kaak stel. Dit doen prof. Davenport, wat waarskynlik as die doyen van die liberale historici beskou moet word, sonder om doekies om te draai. Hy gebruik onverbloemde taal as hy van die regering se hervestigingsprogram vir Swartmense sedert die sestigerjare praat as "one of the biggest human relocation projects ever attempted anywhere, in order to be able to simplify the political map" (p. 545); ook wanneer hy die Naturelle-Stadsgebiedewet en sy latere vele amendemente beskryf as "one of the most complex pieces of control legislation ever devised anywhere" (p. 548); en wanneer hy die passestelsel en die bogenoemde wet se doelstellings soos volg omskryf: "... to make rules for blacks which did not apply to whites; to enforce a segregationist legal system; to restrict the urbanisation in strict proportion to the availability of work; to expel blacks from town (but not whites) for vagrancy, idleness, disorderliness, failure to pay rent, and other causes" (p. 555).

Bogenoemde is harde woorde, maar dit word gesê omtrent 'n stelsel wat mense en groepe hardhandig behandel. Die skrywer moet dit ter ere gegee word dat hy nie die oorsprong van die "apartheids"-idees in 1948 soek nie, maar die lyn deurtrek vanaf lank voor daardie datum. Om maar een voorbeeld te noem: by die bespreking van paswette wys hy daarop dat, ten spyte van die herroeping van Ordonnansie No 50 van 1828, paswette teen Uniewording alweer in al vier provinsies bestaan het (p. 554). Dit gaan dus nie net vir die skrywer om die apartheidsamelewing a-la-1948-en-

daarna nie, maar om menseregte te alle tye in Suid-Afrika en die historikus kan dus nie beskuldig word dat hy net op een snaar tokkel indien daar konsekwent teen gekleurdes dwarsdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis gediskrimineer is nie. Klappe word konsekwent uitgedeel waar die skrywer se gewete hom dit voorskryf en daarom is dit 'n boek wat tot die been oopvlek.

Die tematiese indeling is nie altyd so geslaagd nie. 'n Mens sou byvoorbeeld verwag dat die d'Oliveira-voorval van 1968 bespreek behoort te word in die gedeelte oor apartheid in die vermaaklikheidswêreld en sport (pp. 563–565), en tog word dit net in die verbygaan genoem onder 'n bespreking van die Erika Theron-verslag en Vorster se konstitusionele voorstelle op p. 421. Ook sou 'n mens iets oor Distrik Ses verwag onder *Group Areas* (pp. 561–563), terwyl dit chronologies elders tereg kom. Die kort gedeelte oor *The churches and apartheid* bevat ook geen verwysing van die N G Sendingkerk se belydenisskrif waarin hy die moederkerk aanspreek nie. Verder is daar ook geen vermelding onder *Passes and the control of black movement* oor die optog van 20 000 vroue na die Uniegebou in 1956 om hieroor beswaar te maak nie. In die meeste gevalle is hierdie weglatings egter aan probleme van sintese te wyte waarvoor die leek nie altyd begrip sal hê nie, maar wat die mede-historikus goed sal verstaan.

Dit is ironies dat 'n geskiedenis uit liberale hoek juis moet verskyn op 'n tydstip toe die liberale opposisie in die blanke kamer van die parlement sy posisie as amptelike opposisie moes inboet en die stryd daar grootliks tussen faksies van die Afrikanerdom gevoer word wat albei regs van die liberale siening lê. Dit is in elk geval 'n boek wat verpligte leesstof vir politici behoort te wees — al is dit net om hulle 'n slag te herinner aan die magdom wette wat nog Swartmense se lewens beheer of tot onlangs beheer het.

D H HEYDENRYCH  
Universiteit van Pretoria

*Die herinneringe van J C de Waal*, vertaal en geredigeer deur Karel Schoeman, Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1986, 95 pp., illustrasies, indeks, R20,95 + AVB.

Hierdie uitgawe is deel van die Vrijstatia-reeks wat dit ten doel stel om die verlede van Suid-Afrika en spesifiek van die Oranje—Vrystaat vir die algemene leser toeganklik te maak. Die oorspronklike manuskrip van die Herinneringe is deur Karel Schoeman in die J C de Waal-versameling (A.325) in die Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein in die vorm van 'n oefeningboek van 214 bladsye, 19 x 12 cm groot, opgespoor.

Om volle reg aan die outobiografie te laat geskied, sou mens dit eintlik onvertaald moet uitgee, maar Schoeman het gedagtig aan talle Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners vir wie die Nederlandse teks moeilik toeganklik is, besluit om dit te verafrikaans. Hy het hom egter so ná as moontlik aan die oorspronklike gehou, met foute en al (wat in voetnote gekorrigeer is), en nie probeer om dit tot "korrekte" Afrikaans om te buig nie. Daardeur het hy gesorg dat iets van De Waal se eie persoonlikheid in 'n groot mate behoue gebly het. Dit vorm 'n besonder boeiende en beeldende verslag, wat in eie reg as 'n stuk letterkunde beskou kan word.

Die 22-jarige J C de Waal het in 1866 sy ouerhuis in die Boland verlaat om vir hom 'n toekoms in die Vrystaat te gaan uitbou. Alhoewel hy aanvanklik 'n sukkelbestaan in die Bethulie-distrik gevoer het, het hy saam met die Vrystaat welvarend geword totdat hy ook tot Volksraadslid in die "modelrepubliek" van pres J H Brand verkies is. Alhoewel hy nie deelgeneem het aan die Anglo-Boereoorlog nie, het hy alles in die oorlog verloor en moes hy soos die meeste van sy volksgenote weer ná die oorlog van vooraf begin.

Vir die veertig jaar van die tyd wat sy herinneringe beskryf word, word nie alleen 'n kleurryke en vol lewe beskryf nie, maar word dit ook duidelik dat hy 'n indrukwekkende persoon en leiersfiguur in Bethulie en Smithfield was, 'n vooraanstaande lid van die Afrikaanssprekende Boerebevolking van die Vrystaat. Sy lotgevallen was nou verweef met dié van sy aangename land, en in sy eie lewensverloop word die grootste gedeelte van die Republiek se geskiedenis op treffende wyse weerspieël.

De Waal het op 62-jarige leeftyd besluit om die vernaamste gebeurtenisse van sy lewe te boekstaaf sodat sy kinders en hulle nageslag dit kan lees. Hy versoek dan ook "(a)s die geskrif of die boek te oud word, skrywe dit dan in 'n ander boek oor en hou dit ter gedagtenis, en dit sal ook vir die nageslag nuttig wees om 'n geslagregister te hê." Deur hierdie geredigeerde en vertaalde weergawe

van Schoeman, is daar inderdaad aan hierdie versoek van De Waal voldoen, deur te verseker dat 'n kosbare stukkie Africana vir die nageslag behoue sal bly.

ELRIDA BELL  
Universiteit van Pretoria

STAATSBIBLIOTEEK, Pretoria, *The voyages of Diogo Cão and Bartholomeu Diaz 1483—88*, Pretoria, 1987.

Ter herdenking van de eerste omvaring van de Kaap heeft de Staatsbiblioteek te Pretoria in 1987 een gelegenheidspublikatie uitgegeven. Dat is een herdruk van het artikel van E.G. Ravenstein, getiteld "The voyages of Diogo Cão and Bartholomeu Dias 1483—88". Het is verschenen in *The Geographical Journal*, deel 16 nr. 8, (V.K.) December 1900. In een woord vooraf deelt M.A. Botha van de Staatsbiblioteek mede, dat Ernst George Ravenstein in Duitsland in 1830 geboren is, student van de bekende Duitse aardrijkskundige Dr. A. Petermann (redacteur van de bekende *Petermann's Geographische Mittheilungen*) is geweest en hoogleraar in het Bedford College (V.K.) is geworden. Zijn herdrukte artikel wordt nu nog van belang geacht en het Engels van de tekst maakt het voor de meesten leesbaar. Van daar de herdruk ervan.

De ontdekking van de zeeweg naar Zuid-Azië om de Kaap was het werk van de Portugezen. Het was een langzaam, moeizaam en episch proces, ingeleid door Prins Hendrik de Zeevaarder (1394—1460), resultaat van intelligent overleg en taaie volharding. Ravenstein belicht de bijdrage van twee schippers van eenvoudige afkomst, Cão en Dias, die graag de kans aangrepen om zich te onderscheiden. Cão bereikte op zijn eerste reis langs de Afrikaanse westkust Cape St. Mary op de breedte van 13° 26' ZB in Angola in 1483, op zijn tweede reis een kaap op 22° 9' ZB bij Swakopmund in Zuidwest-Afrika in 1486. Hij overleed op deze reis. De energieke koning Johan II zond spoedig daarna Dias om de ontdekkingsreizen voort te zetten. Dias rondde als eerste Europeaan en waarschijnlijk eerste reiziger de Kaap in het begin van 1488, maar moest bij Pondoland huiswaarts keren wegens ziekte en gebrek aan provisie.

Deze ontdekkingsreizen zijn door tijdgenoten van slechts ondergeschikt belang geacht en berichten daarover zijn merkwaardig schaars. Ravenstein laat blijken, dat Dias' opdrachtgevers het resultaat van Dias' reis — de zoveelste welke Indië niet bereikte — teleurstellend vonden. Ondanks oppositie zette koning Manuel in 1497 door, dat Vasco de Gama met een kleine vloot naar Indië werd gezonden. Dias mocht bijdragen aan de uitrusting van deze expeditie. Men mag vermoeden, dat het vermeende succes van Columbus' eerste reizen in Spaanse dienst in westelijke richting de koning van Portugal heeft bewogen om de expedities in tegenovergestelde richting voort te zetten. Ditmaal met succes: De Gama bereikte in 1498 Voor-Indië.

Na het verschijnen van Ravensteins artikel is de kennis van de Portugese reizen om de Kaap slechts in bescheiden mate uitgebreid. De volgende mededelingen van deze geograaf zijn voor de hedendaagse lezer interessant. De Portugezen hebben op hun reizen dikwijls berggen, baaien en rivieren vernoemd naar de heilige van de betrokken datum; deze gewoonte heeft later geholpen bij het dateren van hun ontdekkingen aan de Afrikaanse kust. Zij plaatsten bij opvallende punten op de kust bakens van vooraf gehouwen steen, padraos (patroon, model, bakens) genoemd, en voorzagen ze van inschriften en datering. Van sommige bakens zijn in onze eeuw stukken gevonden naar musea overgebracht en replica's gemaakt, welke op de oorspronkelijke plaatsen zijn opgericht.

De lange zoektocht der Portugezen in Afrika had niet alleen de zeeweg naar Indië als doel, maar ook de aartspriester Johannes (Prester John). In deze sagekerkvorst moet men de Negus van Ethiopië (Abessinië) als hoofd van de oud-Christelijke kerk vermoeden. De Portugezen hoopten in deze Christenvorst een bondgenoot tegen de Islam te vinden en vonden hem, maar zijn macht stelde hen teleur.

De Portugezen hadden, evenals latere Europese ontdekkingsreizigers, de gewoonte om inboorlingen te ontvoeren, in het Europese moederland te indoctrineren en, van geschenken voorzien, enige jaren later terug te brengen, zo mogelijk naar de plaats van hun ontvoering, om als contact personen met de inboorlingen op te treden. Deze gewoonte benadeelde dikwijls de vriendschappelijke verstandhouding met de inboorlingen, maar werd hardnekkig volgehouden.

Ravenstein meent, dat de duur van de storm welke Dias volgens de latere kroniekschrijver De Barros 13 dagen zuidwaarts voorbij de Kaap de Goede Hoop dreef, zeer overdreven is. Noordwestelijke of noordoostelijke winden waaien niet zó lang bij de Kaap. Ravenstein gelooft evenmin De Barros' aantrekkelijke sage, dat Dias, toen hij op zijn terugreis de Kaap zag, deze Cabo Tormentoso

(Stormkaap) heef genoemd. Anderen berichten, dat Dias hem Kaap de Goede Hoop noemde.

De koning zond spoedig na Da Gama's terugkeer een vloot onder Cabral naar Indië. Dias was skipper op een van die schepen. Het zijne is met drie andere bij de Kaap in een storm met man en muis vergaan. Hij heeft als Mozes het Beloofde Land niet bereikt.

De vooraanstaande dichter in het Hollands-Afrikaans N.P. van Wyk Louw heef een uitmuntend dramatisch gedicht aan Dias gewijd, waarin hij hem als een tragische held voorstelt. Zijn standbeeld staat in Kaapstad.

C DE JONG

LOUIS CHANGUION, *Pietersburg 1886—1986*, Pretoria 1986, 306 pp, illus., indeks en bylae. Geskry. in opdrag van die Stadsraad en verkrygbaar van die Stadsklerk van Pietersburg.

'n Plaaslike of streeksgeskiedenis het sy besondere kenmerke. Dit maak nie saak of dit oor 'n stad of 'n dorp, of 'n gemeente, of oor 'n distrik, of oor 'n vereniging, of wat ook al gaan nie. Die trefwydte daarvan is uiteraard beperk want die leserskring is beperk. Dit lê ingekring in 'n nouer horison as die meer algemene geskiedeniswerke. Tog het elke dorp verband met die algemene landsgeskiedenis, want dit vorm immers deel van daardie land en is as sodanig nie sonder betekenis nie. In hierdie gees behoort 'n plaaslike geskiedenis opgeneem te word en in hierdie gees het prof Louis Changuion die honderd jaar van Pietersburg ook beskryf.

Hoewel nie 'n Pietersburger van geboorte nie, woon die skrywer al 'n geruime tyd daar naby, sodat hy goeie aanvoeling vir die verlede van die dorp het, en as mede-professor en opgeleide historikus het hy oor die jare voldoende kennis en ervaring van historiese navorsing opgedoen wat dan ook blyk uit die boek wat hy geskryf het. Dit is 'n deeglike en omvattende stuk werk. Hy het uitgebreid navorsing gedoen, in die Transvaalse Argief, Pretoria, in die munisipale rekords van Pietersburg en daarby 'n menigte boeke en ander lektuur geraadpleeg, soos blyk uit uitvoerige voetnote en 'n indrukwekkende bronnelys. Voeg daarby nog talle onderhoude met persone wat 'n aandeel gehad het aan die groei van die Pietersburg "van 'n vaal stowwerige dorpie tot 'n ontluikende jong stad" (p. 183).

Die voorgeskiedenis van die dorp word eers beskryf, in werklikheid deel van die vroeë geskiedenis van Transvaal. Hy begin sy verhaal met 'n uiteensetting van die geologiese struktuur en klimaat van die gebied; vervolgens van die argeologiese vondse waaruit afleidings gemaak word oor die eerste bewoners van die streek. Die verhaal van Schoemansdal aan die Soutpansberg word weer vertel, asook dié van die eerste ontdekking van goud (op Eersteling), die talle botsings tussen blankes met inboorlingstamme, ens. Hierna word die honderd jaar van Pietersburg chronologies in die volgende tydperke (elk in 'n hoofstuk) behandel: "Voorposstad van Piet Joubert (1884—1899)", "Oorlog en heropbou (1899—1910)", "Dorpsontwikkeling en vooruitgang (1910—1930)", "Hoofstad van die Noorde (1930—1945)", "'n Periode van verandering (1945—1961)", "Dorpsuitbreiding, Nywerhede en Politiek (1961—1982)" en "'n Honderd jaar later (1982—1986)".

So 'n chronologiese behandeling het sy voordele deurdat die leser steeds bewus gemaak word van groei en ontwikkeling. In die proses word talryke aangeleenthede by herhaling aangeraak: munisipale organisasie, verstedeliking, sakelewe, skole en opvoeding, kerke en gemeentes, verskillende bevolkingsgroepe en hulle behuising, verandering van die dorpsbeeld deur afbreek en nuutbou, sport en ontspanning, en so meer. Daarby word besonder baie persone by name genoem, blykbaar om belangstelling te prikkel, ook gebore Pietersburgers wat elders bekendheid verwerf het. Die gevaar bestaan natuurlik dat sommige mense ontbreek wat net so veel reg het om genoem te word. Maar dit is 'n risiko wat die skrywer bereid was om te neem.

Die chronologiese behandeling in tydvakke kom bietjie planloos voor. Daar word te veel van die hak op die tak gesprong en dan weer terug op die hak. 'n Meer tematische behandeling sou na my mening beter gewees het. So kan, byvoorbeeld, die kerklike, politieke of ekonomiese aangeleenthede elkeen apart beskryf word sonder om hulle onderlinge verband uit die oog te verloor.

By die skrywe van geskiedenis is dit van belang om te besluit wat opgeneem en wat weggelaat moet word. By die skrywe van 'n streeks- of dorpsgeskiedenis is dit miskien nog belangriker. So 'n geskiedenis kan maklik verval in 'n menigte van onbelangrike feite. Die Pietersburgers sal die boek seker met ander oë lees as die gewone leser. Maar 'n mens vra jou soms af of sommige van die feite of gegewens opname regverdig.

Wat aan te prys is, is die objektiewe wyse waarop die skrywer sy stof benader, selfs waar hy die sensitiewe partypolitiek van die laaste jare beskryf. Dit is ook nie net 'n geskiedenis van die

blanke gemeenskap nie, maar daar word ook telkens aandag aan die Indiër-, Kleurling- en Swart bevolkingsgroepe gegee.

Die aantreklikheid van die boek word uitermate bevorder deur die groot aantal historiese foto's wat daarin opgeneem is. Dit is 'n boek waarop Pietersburg trots behoort te wees.

F J DU T SPIES

## Europe/Europa

H BOTS, G H M POSTHUMUS MEYJES & F WIERINGA, *Vlucht na de vryheid, De Hugenoten in de Nederlanden*, De Betaafse Leeuw, Amsterdam-Dieren, 1985, 123 pp., en *Hugenoten in Groningen*, Groningen, Wolters-Noordhoff en Bouma, Groningen, 1985, 218 pp.

Op 18 Oktober 1685 het Lodewyk by die Edik van Fontainebleau die Edik van Nantes herroep, die predikante beveel om binne 14 dae Frankryk te verlaat en die ander Protestante op swaar straffe verbied om te emigreer. Ondanks die moontlikheid van verlies van alle besit, veroordeling tot die galei-roeiбанke vir mans en tot lewenslange gevangenis vir vrouens, het tussen 1681 en 1715 (die vrede van Utrecht) omstreeks 200 000 Hugenote uit Frankryk gevlug. Daar was toe 1,5 tot 2 miljoen Protestante uit 'n totaal van omstreeks 20 miljoen Franse.

Die aantal réfugiés is vroeër veel hoër geskat, maar word nou algemeen op ± 200 000 gestel, ook deur die historikus Warren C. Scoville van die VSA<sup>1</sup>. Hy raam die aantalle wat hulle ná omswerwings blywend gevestig het, soos volg: Nederland 50 000 tot 75 000; Groot-Brittanje 40 000 tot 50 000; Ierland 5 000 tot 10 000; Switserland 25 000; 35 000 is deurgestuurd na ander lande — Duitsland 30 000, waarvan 20 000 in Brandenburg-Pruise; Skandinawië en ander Europese lande ten hoogste 1 000; Britse en Nederlandse kolonies in die Amerika's, Suid-Afrika en Asië tussen 9 000 en 49 000, van wie slegs ongeveer 200 na die Kaapkolonie gegaan het.

Nederland het die meeste réfugiés gehuisves. Dit is 'n klein land, maar dit het groot ekonomiese bloei beleef en 'n groot mate van godsdienstige en persvryheid gebied. Dit het daarom talle vreemdelinge met godsdienstige en ekonomiese moeilikhede aangetrek. Ook in Nederland het in 1985 verskeie nuwe publikasies oor die Hugenote verskyn. Twee daarvan word hier bespreek. Die eerste is van H. Bots, G.H.M. Posthumus Meyjes en F. Wieringa, getitel *Vlucht naar de vrijheid, De Hugenoten in de Nederlanden*. Dit is 'n historiese prentboek en leesboek sonder voetnote en verwysings, maar met goed geformuleerde toeligtings by die prente, 'n bondige en wetenskaplike teks en 'n goeie bibliografie. Dit bevat hoofstukke oor die Hugenote in Frankryk — die voorgeskiedenis van die herroeping van die Edik van Nantes — die Waalse kerke in Nederland, die ontvangs in Nederland, die Hugenote se bydrae in Nederland tot literatuur en wetenskap, Hugenote in die Nederlandse leer, Franse styl in die Nederlandse kultuur, armoede en sosiale voorsienings. Die hoofstukke oor kerk- en kultuurgeskiedenis is die uitvoerigste, die beskouing van Hugenote in die ekonomiese lewe is kort, maar daaroor het ons reeds publikasies.

Op p. 37 staan 'n landkaart met die vlugroetes van die Hugenote, waaraan ek die roete na Ierland toegevoeg het. Die hoofstuk oor die Waalse kerke sit uiteen dat reeds sedert die 16de eeu talle Franstalige Calviniste na Nederland gevlug het om aan hewige vervolging te ontkom. Die meeste was Wale uit België, ook mense uit die huidige Noord-Frankryk, o.m. Picardië. Hulle het in Nederland talle Waalse kerke gestig. Die réfugiés in 1681–1720 het hulle daarby moeiteloos aangesluit. Die Waalse gemeentes was redelik welgestel en goed georganiseer, het die réfugiés opgeneem en is daardeur aansienlik versterk. Die skrywers herinner aan die talle Hugenote wat hulle in skyn tot die Rooms-Katolisisme bekeer het om te kan uitwyk. Hulle moes in die Waalse kerke buite Frankryk openbare skuldbydenis doen en is daarna weer in die gemeente opgeneem (p. 57–58).

Volgens die skrywers het die "dragonnades" in 1681–85 en die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 in Protestantse lande groot ontsteltenis en medelyde gewek. Lede van Waalse kerke en ander persone — onder wie ook Rooms-Katolieke — het ook in Nederland veel geld vir die réfugiés ingesamel en vlugtlinge gasvry ontvang. Die owerhede van provinsies in Nederland het die réfugiés belangrike voorregte en geld verstrekkend om hulle te vestig en 'n bedryf te begin. Daarby het ook eiebelang gekom. Die owerhede het naamlik gehoop dat die réfugiés die mededingingsvermoë en ekonomie van Nederland sou versterk, omdat Frankryk destyds in verskeie nywerhede, veral van luukse artikels, toonaangewend was. Die skrywers wy min ruimte aan die ekonomiese bedrywigheid van die réfugiés. Hulle laat blyk dat die réfugiés se ekonomiese bydrae nie oordryf moet word, soos voorheen dikwels gebeur het, nie. Hulle sluit hulle hierin aan by Scoville se mening.

Die skrywers se mening is nugter en genuanseerd. Hulle vermeld dat ná die eerste golf van medelewe die geesdrif in Nederland vir die Hugenote amper onvermydelik ietwat afgekoel het toe die stroom vlugteling aangehou het, hulle die provinsiale geartheid van sommige Nederlanders en die vrysinigheid daarvan gekritiseer het en hul voorkeursbehandeling naywer gewek het. Die meeste réfugiés het op spoedige terugkeer na Frankryk en herstel het tot die joernalistiek, geskiedskrywing, boekhandel en verhoogkuns, minder tot die wetenskappe as lektor en professor, met 'n paar opvallende uitsonderings soos Pierre Jurieu en Jean Barbeyrac; laasgenoemde het as regs kundige bygedra tot die oplewing van die universiteit in Groningen. Die wysgeer Pierre Bayle, wat heftig met Jurieu gepolemiseer het, het die eerste internasionale tydskrif vir resensies gestig, *Nouvelles de la république des lettres*; daar was naamlik groot behoefte aan so 'n tydskrif omdat die wetenskaplike literatuur danksy die boekdrukkuns vinnig gegroei het.

Talle réfugiés het hulle by die Nederlandse leër aangesluit. By die geallieerde leërs wat die armée van Lodewyk XIV 25 jaar beveg het, was baie Hugenootse offisiere en manskappe. Die outeurs meen dat die réfugiés in Nederland belangrik bygedra het tot die joernalistiek, geskiedskrywing, boekhandel en verhoogkuns, minder tot die wetenskappe as lektor en professor, met 'n paar opvallende uitsonderings soos Pierre Jurieu en Jean Barbeyrac; laasgenoemde het as regs kundige bygedra tot die oplewing van die universiteit in Groningen. Die wysgeer Pierre Bayle, wat heftig met Jurieu gepolemiseer het, het die eerste internasionale tydskrif vir resensies gestig, *Nouvelles de la république des lettres*; daar was naamlik groot behoefte aan so 'n tydskrif omdat die wetenskaplike literatuur danksy die boekdrukkuns vinnig gegroei het.

Die skrywers vind dit moeilik om die réfugiés se bydrae die Franse styl en kultuur in Nederland vas te stel omdat dié styl en kultuur reeds voor die Refuge vinnig verbrei is. Verskeie Franse kunstenaars in Nederland was geen Protestante nie. Ons mag egter veilig aanneem dat dié bydrae van betekenis was. Hulle het talle Nederlanders die Franse taal en kunste, soos dans en skerm, geleer. Die réfugié Daniel Marot het groot bouwerke in Nederland ontwerp, o.m. die paleis Het Loo van stadhouder-koning Willem III, gebore 1650, oorlede 1702.

### Die réfugiés in Groningen

'n Welkome aanvulling van die hierbo bespreekte boek *Vlucht naar de vrijheid* is die boek *Hugenoten in Groningen*. Dit is ingelei deur prof. F.R.J. Knetsch, kerkhistorikus te Groningen, oor die Hugenote in Frankryk 1520–1725, en saamgestel deur 'n werkgroep van Groningse studente, M. Bakker, R. Berends, E. Buning, B. Ofringa, P. Overbeek, J. Verweer en I. Wolters. Hulle beskryf in detail die réfugiés se bedrywighede op verskillende gebiede in Groningen teen die agtergrond van die Nederlandse republiek. Hierdie monografie verdien navolging in ander Nederlandse stede.

Groningen lê nogal afsydig in Noord-Nederland dig by die Duitse grens en het in 1685–1700 slegs matig gebloei. Daarom het die provinsie en stad Groningen, netsoos ander provinsies en stede in Nederland, die Hugenote belangrike voorregte en subsidies aangebied. Die name van 1 150 réfugiés wat hulle in Groningen gevestig het, is bekend, maar hulle het nie almal gebly nie. Hulle was van uiteenlopende beroepe. Die inleiding vermeld dat die wins van die Hugenote se vestiging meer op geestelike as op ekonomiese gebied lê. Dit mag waar wees vir Groningen met sy matige ekonomiese voorspoed, maar nie vir die orige geweste, met name Holland nie. Daar was die réfugiés se bydrae tot nywerhede buite die tekstielbedryf, tot die handel en finansiewese van betekenis.

Die onderhawige boek bevat deeglike hoofstukke oor die plaaslike kerk, leër, universiteit en bedrywe en oor die owerhede en publiek se houding jeens die vlugteling en hul integrasie in die stadsbevolking. Die integrasie het redelik gemaklik en vlot verloop, mede omdat die aantal van 1 150 Hugenote beskeie was binne 'n stadsbevolking van omstreeks 20 000. Die boek bevat vyf bylaes en 'n samevatting in Frans.

In die meeste opsigte stem die situasie van die Hugenote in Groningen ooreen met dié in die res van Nederland. Ook in Groningen was hulle nie by magte om die agteruitgang van takke van die tekstielnywerheid te stuit nie en het die manufaktur van Hugenote-ondernemers (groot werkplase met talle met die hand of voet aangedrewe werktuie) teleurgestel. Ook in Groningen was die réfugiés in kleiner ambagte soos bakkery, seepsiedery, edelsmidswerk, pruikemaak en boekhandel, suksesvoller.

In ander opsigte het die réfugiés se situasie in Groningen van dié in die ander geweste afgewyk. Die Groningse owerhede en bevolking het meer vir hulle gedoen as wat elders die geval was. Dié owerhede het die laaste voorregte aan hulle toegestaan eers in 1729 ingetrek, baie later as in Holland waar die voorregte in 1690–99 beëindig is weens besware van die inheemse bevolking. Die Gereformeerde kerk in Groningen het nie minder nie as elf uitgeweke predikante vir die vergrote Franstalige gemeente in diens geneem, maar die selfstandigheid van die plaaslike Waalse kerk steeds

afgewys, hoewel die Waalse kerke elders outonoom was. Na 1690 het die aantal Waalse kerkklidmate origins weer afgeneem. Die stad Groningen het geweier om geld by te dra vir die uitbreiding van die Staatsleër met Franse militêre en het op eie koste twee kompanjië Franse gevorm, waarskynlik gemotiveer deur vrees vir herhaling van die vyandelike inval en beleg in 1672. Die Franse militêre in die afgeleë Groningen was van minder gehalte as elders in die Republiek en het nooit teen Lodewyk se leërs geveg nie. Die juris prof. Barbeyrac, réfugié, het, soos gesê, bygedra tot opleiding van die Groningse akademie, maar origins was die Franse dosente in dié stad middelmatig. Groningen het minder handel, skeepvaart en finansiers as Holland gehad en daarom was die Hugenote se plaaslike bydrae op hierdie gebiede nogal beskeie.

C DE JONG

Warren C. Scoville, *The persecution of Huguenots and French economic development, 1680—1720*; University of California Press, Berkeley and Los Angeles, 1960.

### Genealogie/Genealogy

J A HEESE (comp.) and R T J LOMBARD (ed.), *South African genealogies/Suid-Afrikaanse geslagregisters*, vol. 1, A—C, Human Sciences Research Council, Pretoria, 1986, illus., glossary, 698 pp.

This is the first volume of a series destined to be of major importance to the genealogist and the historian, and the completion of the mammoth task of compilation and editing will be awaited with eager anticipation. For long, the only comparable work was the pioneer *Geslacht-register* published in 1894 by C.C. de Villiers and although this was revised and supplemented by C. Pama in 1966 and again in 1981, the genealogical information contained in it has its limitations both as regards range and accuracy.

Pama's revision, *Genealogies of old South African families/Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, has been incorporated with further corrections in the present work, but it is a measure of the far wider scope of this new genealogical series that De Villiers/Pama, as it is popularly known, will only represent about 13% of the total content in Dr Lombard's estimation. *South African genealogies* is being compiled to bring data on family history down to a much later date well into the 19th century and in some instances into the 20th, and will not be restricted to families in the White Afrikaans-speaking community. The present volume reflects this greater depth and diversity, and alongside such genealogical tables as those of the Bezuidenhouts, Bothas and Coetzees are to be found family trees of many people of British origin, among them the Bowkers, Campbells and Cooks. These, together with the descendants of settlers of many other nationalities, have become so intermixed that genealogies constructed with a single linguistic group in view are inappropriate. Nor have the compiler and editor limited their enquiries to White families, although the nature of the surviving records necessarily renders this extended investigation a difficult one.

To their own researches, Drs Heese and Lombard have added the results of those of many others of recent date, a large number of them having first appeared in the publications of the Genealogical Research Division of the HSRC's Institute for Historical Research, the sponsors of the present series. The decision to include the contents of De Villiers/Pama in the interests of comprehensiveness was a wise one, although the earlier compilation, to judge by the entries in this first volume of *South African genealogies*, should not be entirely dismissed. Dates of death, however imprecise, are often sought by the historian and genealogist. In this regard, using the Cloete family genealogy as a yardstick, it is noted that deaths recorded in De Villiers/Pama merely by the year have been dropped in the present volume and in one instance at least, that of Hendrik Cloete of Groot Constantia (d2, p. 593), the full date of death has not been carried over. Perhaps further consideration of this type of omission could be given in the preparation of subsequent volumes.

The copious genealogical material is presented with commendable clarity and the glossary and list of abbreviations are of particular value to English-speaking researchers. A further aid might profitably be included in the final volume in the form of an appendix indicating the spelling variants of surnames. These are noted textually, but anyone knowing only the variant would often have to search diligently to find the surname in its other form. Balger/Boulger (p. 119) is a case in point; another, less clearly indicated, is Butger/Böttiger (p. 515). The second and original form of the latter example is to be found in Cape documents and deserves more prominence.

The suggestions made here imply no adverse criticism of a work of outstanding merit and the compiler and editor are to be congratulated for undertaking to provide us with a genealogical series urgently required. A word of appreciation too is due to Lynette Hearne and Mynie Stobbe for their elegant and fitting dust-cover.

M. BOUCHER  
Pretoria

F A VAN JAARSVELD, *Van stamvader Adriaan tot Ernst Jacobus van Jaarsveld 1702—1986. 'n Stukkie familiegeskiedenis van onder. 118 pp., A5.*

Terwyl prof. Van Jaarsveld, die bekende historikus, met navorsing oor sy familie besig was, het hy by geleentheid opgemerk dat dit die interessantste stuk navorsing is wat hy nog onderneem het en ons is dankbaar dat hy die tyd gevind het om hierdie boekie te voltooi. Daarmee het hy die literatuur oor die genealogie sowel as die sosiale en kultuurgeskiedenis verryk en 'n voorbeeld gestel van hoe 'n familiegeskiedenis interessant geskryf kan word. In hierdie verhaal voer die skrywer die leser mee op sy interessante ontdekkingsstog, om te deel in die genot wat hy self geput het uit die navorsing en die skryf van die boek.

Prof. Van Jaarsveld se moeder was ook 'n nooi Van Jaarsveld en hy begin die verhaal met die stambome van sy vader en moeder in 'n direkte lyn van die stamvader af. (Hy gebruik ongelukkig die term "kwartierstaat", wat foutief is. In 'n kwartierstaat word 'n persoon se voorgeslagte in al die lyne gegee, naamlik sy twee ouers, vier grootouers, agt oorgrootouers ens.) Oor die herkoms van die stamvader self is niks bekend nie, maar hy het waarskynlik van die dorpie Jaarsveld in Nederland gekom. Daarom gee die skrywer 'n kort beskrywing van die geskiedenis van hierdie dorpie.

Die geskiedenis van die familie in Suid-Afrika word in vyf hoofstukke beskryf, elke geslag teen die kultuurhistoriese agtergrond van die tyd waarin hulle geleef het. Die gebeure word ook telkens in die raamwerk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die breër wêreldgebeure geplaas. So word bv. vermeld dat Stephanus Albertus op 10.10.1789 getroud is, "die jaar waarin die Franse Rewolusie uitbreek het" (p. 25), en dat die outeur se grootjie, Albertus, oorlede is "pas nadat die ZA Republiek op 12 April 1877 deur sir Theophilus Shepstone geannekseer is." (p. 38)

Prof. Van Jaarsveld se voorgeslag was nie vername mense nie, maar tipiese trekboergesinne wat 'n eenvoudige bestaan gevoer en nie lank aan een plek gebonde gebly het nie. Hulle was nie Voortrekkers nie, maar nátrekkers wat lank ná die Groot Trek uit noordwes-Kaap na suidoos-Transvaal verhuis het, waar hulle die smarte van die Tweede Vryheidsoorlog belewe het. Uit die beskrywing van hulle lewenswyse, hulle besittings en die huise waarin hulle gewoon het, leer ons hierdie mense en die tyd waarin hulle gelewe het, ken. Hierin vind ons 'n bewys dat gewone alledaagse mense ook 'n rol in die geskiedenis gespeel het en dat hulle lewens interessant beskryf kan word.

Selfs vir iemand wat nie 'n lid van die familie is nie, is die boek interessant en dit lees lekker, maar hier en daar is 'n sin wat moeilik lees vanweë die talle feite wat die outeur in verband probeer bring. 'n Voorbeeld is dié sin op p. 83: "Catharina Maria getroud met Willem Botha wat 'n deel van die plaas Rietfontein 291 bewoon het, het ook 'n lewe uit die boerdery gemaak en heel dikwels van Koos en Alie se kinders wat die plaasskool Rietfontein, 6 myl van ons huis af te perd besoek het, daar onderdak teen reënweer en vol spruite gegee, 'n gasvrye mens vir wie se kinders, die jonger neefs en niggies ons baie lief was."

Die boek word van harte aanbeveel en soos reeds gesê, kan dit as voorbeeld gebruik word deur elkeen wat beplan om 'n eie familiegeskiedenis te beskryf.

R T J LOMBARD  
RGN